Van Zyl nuus

Liewe familie en vriende 1 September 2010 (no. 25)

Dit is 'n heerlike, warm lentedag hier op Outjo. Die wintersklere gaan verseker nie meer nodig wees nie – ons voel hoe die warmte ons bekruip! In hierdie nuusbrief vertel ons meer van ons bedrywighede gedurende Julie en Augustus. As ons al die kilometers wat die afgelope 2 maande afgelê is moet bymekaartel, sal ons by 'n skrikwekkende getal uitkom! Erik vertel van twee uitreike waarop hy gedurende Julie saam met twee gemeentes was.

'n Uitreik saam met die Napierspan was en is altyd baie spesiaal, dit is mos ***ons*** gemeente ... vanjaar was die 4de uitreik sedert die Here ons na Namibië geroep het. Stille dankbaarheid vul ons in aanskoue van die Napiergemeente en uitreikspan se groei in hul betrokkenheid by *Kunene vir Christus* se werk. Die Here roep self mense en vanjaar was ons aangenaam verras om te sien die aksie is nou ***Kunene vir Christus NG Kerk Napier & Riviersonderend***. Marius Swart, die leier van die span, het hom vanjaar weer uitstekend gekwyt van sy taak en die geestelike leier was ds Kobus Pretorius van die NG Kerk Riviersonderend. Dirk Hanekom en Vaaltyn, sy Land Cruiser, was in 2008 die eerste Riviersonderenders op die span; in 2009, met die bou van die kerkie, het hulle nog meer geword en vanjaar is daar 'n permanente verbintenis gemaak. Dankie, Dirk, dat Vaaltyn die weg gebaan het, en moenie vergeet dat Vaaltyn 'n sendingbus is nie!

Met 'n ds langs my en 'n navigator (regtig!), Johan Barnard, agter my het ek soms gedink ek is Giniël de Villiers. Meer opwindend was egter die twee manne van Riviersonderend se ywer en entoesiasme vir die werk van die Here in afgeleë Kaokoland. Die wêreldbekersokker is gespeel tot by die mees afgeleë skooltjies in Kaokoland. Daarom was die boodskap by skole in die kol: *Ubabalo Africa* - geestelike en lewensbeginsels geïllustreer deur sokker en netbal. Die *Living Ball* is ook gebruik om die verlossende krag van die evangelie te verduidelik. Daarna is daar sokker en netbal saam met die kinders gespeel. Saam met die sokkerballe en netballe is Herero, Engelse en *Read &Learn* kinderbybels by skole uitgeplaas.

'n Hoogtepunt was 'n Himbaman se getuienis na die Sondagoggend erediens by Okaanga. 'n Wonderwerk, want Himbamans kom nie maklik tot bekering nie. "Hoe het jy tot bekering gekom?" ***My vrou se lewe en woorde.....!*** Sy vrou is weer 'n bekeerling van Tjise Tjambiru. Ons kon net in verwondering luister hoedat God self Sy koninkryk bou en instandhou. Mag ons deur God se genade net getroue medewerkers wees.

My 2de uitreik saam met die die span van die NG Kerk Vaalpark was ook 'n onvergeetlike ervaring. Hoor wat sê Jakobus 1:2 : ***My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle***

kom, ….. Na *550km* op *dag een,* en net voor sonsondergang, rol die sleepwa. Na nog 1100km op *dag twee* was ek Outjo toe en terug met ’n 2de sleepwa, sweismasjien, e.a..... Dieselfde aand sweis en herstel Johan, die leier van die span, die stukkende sleepwa tot ’n sleepbare toestand. Merkwaardig is dat ’n stukkende bierbottel sy sweisbril was!! Na nog 140km is ek op *dag drie* die oggend terug by die-kamp-langs-die-pad, die gekwesde sleepwa veilig by ds Jason se pastorie in Opuwo waar ek die aand voor in my Nissan Patrol geslaap het.

My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes. (Jesaja 55:8-9)

Die wa het gerol!

Johan sweis die wa

Katetete en sy gesin!

Op dag vier kon die uitreik begin en ons besoek aan Katetete van Otjikojo was ’n hoogtepunt. Hy is ’n Zemba-man, saam met sy vrou, uitverkoop aan die Here. ’n Leier in sy gesin, die kerk en sy gemeenskap. Daniël 12 vers 3 beskryf sy soort, ***“dié wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre.”*** Die saamkuier, saamgesels, saameet uit Joanette se kospotte en die Woord was ’n fees! Katetete bedien die oorheersend arm Ovatjimba gemeenskap en skooltjie by Otjikojo. Die Ovatjimbas het dieselfde kultuur en kleredrag as die Ovahimbas, maar sonder bees en boktroppe nie dieselfde sosiale klas en stand nie. Sondagoggend was ek bevoorreg om die Woord te bedien in Katetete se gemeente - die skoolkinders, gemeenskap, onderwysers, ja, selfs die hoofman was daar. Die mense van Otjikojo weet die Here leef, want Katetete en sy vrou se nederigheid, liefde en diensbaarheid is soos ’n helder lig. As Zembas is hulle tereg sendelinge onder die Ovatjimbas en Ovahimbas.

Erik het ’n predikantekonferensie op Hodygos net buite Okahandja bygewoon. Hy vertel self:
Prof Dirkie Smit en dr Coenie burger van Stellenbosch het die fokus op Jesus laat val; wie Hy nou is, waar Hy nou is en wat Hy nou doen. Ons as dominees moes seker maak dat ons teleskope ingefokus is op Jesus. Johannes die Doper het tereg gesê het, ***Hy moet meer word en ons minder! (Joh. 3:30)***

Hy het ook ’n ***mannekamp,*** *gereël deur die* ***NG Kerk Outjo,*** *bygewoon. Hy vertel self:*
Onder reuse Anabome in die Omaruru rivier het die manne van Outjo gaan kamp. God se prioriteite moes insink! Eers die Here, dan jou vrou en gesin en laaste jy en jou pelle. Die saamkuier, smee van vriendskappe en lekker eet was ’n fees! Mag die manne van Outjo manne van God wees!

13 en 14 Augustus het my onder 17-netbalspan aan die Namibiese Nasionale ligafinaal in Windhoek deelgeneem. Alhoewel ons nie die semi-finale rondte gehaal het nie, was dit ’n onvergeetlike ervaring om teen baie groot skole in Namibië deel te neem. Ons was vir so week Rustenburge en Pretoria toe. Klara het op 20 Augustus aan die ATKV redenaars finaal in Rustenburg deelgeneem. Daarna was ons vir ’n naweek by die Hartebeespoortdam. Dit was baie lekker om as gesin saam te ontspan en rus. Ons het een aand in Pretoria by Francois en Dottie Carr en hulle dogter, Leoné, gekuier. Francois is die direkteur van Heart Cry SA en preek wêreldwyd oor gebed en herlewing. Daarna was ons Swakopmund toe vir ’n tennistoernooi waaraan Frederick deelgeneem het. Nou verstaan julle dalk waar al die kilometers vandaan kom!

Erik en Francois

Groete en liefde uit Outjo van ons 5!
Erik, Hester, Klara, Magdaleen
en Fredercik